Sorg in tyd van COVID-19

VIR KERK GEMEENSKAPPE

South African Council of Churches

Belangrike inligting vanaf die Kerk oor COVID-19

LIEFDE

- Die kerk is ‘n plek van liefde, gemeenskap en aanbidding.
- Ons moet nuwe maniere vind om te aanbid gedurende die COVID-19 virus pandemie.
- Deur liefde te toon, wys ons dat ons vir mekaar omgee, ondersteun en beskerm.

BEDIENING EN KERK BYEENKOMSTE

- Alle konferensies, jeugkampe en ander kerk verwante geleenthede moet opgeskort word. Dit sluit Paasfees-pelgrimstogte, doop, Nagmaal, voet was en handoplegging in.
- Troues moet uitgestel word.
- Slegs 50 rouklaers of minder word by begrafnisse toegelaat. Maar nagwaak word nie toegelaat nie.
- By begrafnisse, maak voorsiening vir mense om hul hande te ontsmet.

HIGIëNE

- Vermy ten alle tye aanraking aan jou gesig, veral jou oë, neus en mond.
- Bedek jou hoes of nies met jou elmboog, of met ‘n sneesdoekie. Gooi onmiddelik die sneesdoekie in ‘n toe asblik.
- Was gereeld jou ande met seep en water, of ontsmet vir ten minste 20 sekondes.
- Vermy fisiese aanraaking. Moenie mense se hande skud of druk nie.
- Ontsmet of maak persoonlike items soos selfone en penne gereëld skoon.

HAVE FAITH

“Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.” **- (Phil 4:6-7)**

BESKERMING

- Ons weet dat COVID-19:
  - Versprei vinnig. Dit vat net een persoon in ‘n skare, kerk diens of kleingroep om die virus te versprei.
  - Die bejaardes, of die met TB, HIV, diabetes en ander respiratoriese siektes is veral kwesbaar vir die virus.
- Ons het almal ‘n geestelike verantwoordelikheid om mekaar en onsself te beskerm.
  - Verminder fisiese kontak met mense waar moontlik.
  - Volg die streng riglyne van die regering oor hoe ons tydens die sluitings tydperk moet optree.

TEKENS VAN INFEKSIE

- As jy ‘n hoes het wat erger word, en jy is kort aan asem, gaan dadelik na jou plaaslike kliniek of gesondheidsfasiliteit.
- Voor jy in die gesondheidsfasiliteit ingaan, maak hulle bewus dat jy daar is om vir COVID-19 getoets te word.
- Die gesondheidswerker of suster moet jou skei van die ander pasiënte. Dit is vir jou eie en ander se veiligheid.

BLY IN KONTAK

- Die huidige sluiting maak sosiale kontak moeilik, maar nie onmoontlik nie. Ons moet verskillende maniere vind om verbind te bly.
- Baie mense sal gedurende die sluitingstyd alleen of geïsoleerd voel. Bejaardes het veral ons ondersteuning nodig.
- Gebuik jou foon, Facebook en WhatsApp om met familie, vriende en mense van die kerk verbind te bly.
- **Toon liefde en vriendelikheid bo alles.**

Kontak: 0800 029 999 | WhatsApp “hi” na 060 012 3456 | www.sacoronavirus.co.za